Die doel met hierdie riglyne is om telers te help in die toepassing van goeie bestuur- en rekordhouding ten einde die genetiese evaluasies van hul kuddes te optimaliseer, dit wil sê om die hoeveelheid, korrektheid en die doeltreffendheid van jou kudde se data wat in 'n BLUP-analise gebruik word, te optimaliseer. Die akkuraatheid waarde wat saam met elke teelwaarde gepubliseer word slegs 'n aanduiding is van die hoeveelheid data wat beskikbaar was om 'n spesifieke teelwaarde te voorspel. Die akkuraatheid syfer weerspieël dus nie die korrektheid van die data wat gebruik word vir die beraming van 'n teelwaarde nie.

Vir alle tipes aantekening is daar twee basiese aspekte van belang, naamlik:

- * Korrekte (en eerlike) aantekening; en
- * Volledige aantekening.

Spesifieke aspekte waar die teler 'n direkte invloed het:

- * Dier aantekening;
- * Ouerskap aantekening;
- * Prestasie aantekening;
- * Kontemporêre groepe; en
- * Genetiese koppelings.

Dier rekordhouding

Dier besonderhede, veral die korrekte geslag en geboorte datum, is noodsaaklik vir die koppeling van 'n dier aan die regte groep (bv. geslag) en vir die toepassing van die korrekte korreksiefaktore (bv. vir ouderdom) in die genetiese evaluasie (BLUP) model.

Die beste bestuurspraktyke vir diere aantekening sluit in:

- * Maak seker dat alle kalwers (insluitend kalwers wat dood gebore word – ter wille van die moeder se kalfrekord) word aangeteken by geboorte.
- * Maak seker dat alle dierbesonderhede (veral geboortedatum en geslag) korrek aangeteken word.
- * Maak seker dat geboortekennisgewings betyds ingedien word vir alle kalwers.

Ouerskappe

Die koppeling van die korrekte ouers aan 'n kalf is een van die belangrikste faktore vir genetiese evaluasies, want dit is die basis van al die genetiese verwantskappe van daardie spesifieke dier. Verkeerde ouerskap aantekening beïnvloed nie net die akkuraatheid van die teelwaardes van die betrokke dier nie, maar ook van al sy familie. Hoe meer prestasie-getoetste familie van 'n dier ingesluit word in die BLUP analise, hoe meer akkuraat is die teelwaarde voorspellings van daardie dier.

- * Maak sover moontlik gebruik van enkelbul parings.
- * Indien meerbul parings gedoen word, óf KI binne 28 dae na laaste KI datum deur natuurlike paring opgevolg word, óf vir kalwers gebore uit embryo oorsplasing, moet ouerskappe bepaal word deur middel van DNA analises.
- * Teken dek-groepe korrek aan en maak seker hierdie inligting word op 'n veilige plek gestoor vir toekomstige gebruik.
- * Tydens KI, maak seker dat die bul nommer korrek aangeteken word vanaf die semen strooitjie.
- * Merk kalwers so spoedig moontlik na geboorte en teken onmiddellik die kalwers se data, insluitende die ouers, aan.

Prestasie Toetsing:

Riglyne vir prestasietoetsing is in die algemeen daarop gerig om – sover as moontlik – omgewings (nie-genetiese) effekte wat 'n invloed

kan hê op die prestasie van die spesifieke dier te identifiseer.

- * Maak seker dat alle geselekteerde eienskappe aangeteken word vir die groep, aangesien die aantekening van 'n spesifieke eienskap die akkuraatheid van ander gekorreleerde eienskappe sal verbeter. (Byvoorbeeld, die aantekening van jaaroud gewig sal die akkuraatheid van spengewig teelwaardes verhoog en omgekeerd).
- * Maak seker dat die weeg- of meetinstrument (bv. die skaal) in 'n goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is.
- * Weeg prosedures:
 - o Weeg alle diere van 'n kontemporêre groep op dieselfde dag of, indien dit nie moontlik is nie, op opeenvolgende dae, dit wil sê vermy dit om diere van een kontemporêre groep op datums te weeg wat ver uit mekaar is. Die rede hiervoor is om weegdatum effekte (bv. kwaliteit en/of hoeveelheid van die weiding wat mag verander van die een weegdatum aan die volgende, ens.) uit te skakel.
 - o Weeg alle diere nadat hulle weerhou van kos en water vir 12 uur. Hierdie praktyk sal gewigsvariasie as gevolg van maagvulling verminder.
 - o Maak seker dat die dier korrek geïdentifiseer word – verkieslik voor die gewig aangeteken word.
 - o Maak seker dat die gewig korrek gelees en aangeteken word.
 - o Stel die skaal se nulwaarde, indien nodig, met gereelde tussenposes wanneer 'n groep diere geweeg word.
- * Vergelyk die aangetekende gewig met (onlangse) vorige gewigte van die dier. Indien 'n verskil waargeneem word, weeg die dier weer om seker te maak dat die korrekte gewig aangeteken word.
- * Kontroleer gewigte vir lees- of skryf foute wanneer aangetekende data oorgedra word na jou rekenaar of amptelike dokumente.

Bestuursgroepe:

Een van die belangrikste aspekte by prestasietoetsing en genetiese evaluasies is behoorlik gedefinieerde bestuursgroepe. Verkeerde of swak gedefinieerde bestuursgroepe of kontemporêre groepe is waarskynlik een van die heel belangrikste oorsake van onakkurate teelwaardes.

'n Kontemporêre groep kan gedefinieer word as 'n groep diere wat in dieselfde jaar en seisoen (soortgelyke ouderdom) gebore is, op dieselfde plek (dieselfde kudde of plaas), van dieselfde geslag en wat dieselfde bestuur is vanaf geboorte tot die tyd van weging of meting (dieselfde voeding regime, datum van meting, ens). Van hierdie faktore is swak of verkeerd gedefinieerde seisoene, te groot ouderdomsverskille, hergestruktureerde kontemporêre groepe as gevolg van diere wat van een groep na 'n ander geskuif is en diere wat aan die verkeerde bestuursgroep toegeken word, die mees algemene bronne van swak of verkeerd gedefinieerde kontemporêre groepe.

In die algemeen is riglyne oor kontemporêre of bestuursgroepe daarop gemik om te verseker dat enige kontemporêre groep op so 'n manier gedefinieer word dat alle (of ten minste alle belangrike) omgewingseffekte – behalwe daardie effekte waarvoor gekorrigeer word in die evaluering model, bv. moeder ouderdom – dieselfde is vir alle diere binne 'n bepaalde groep. Dit (gekombineer met 'n goeie genetiese koppelings tussen groepe) sal verseker dat BLUP die genetiese- en omgewingseffekte effektief kan skei binne 'n bepaalde groep.

Die groepering van diere word basies op twee wyses gedoen, naamlik:

- * Outomatiese groeipindelings, bv. ras, kudde, geboortejaar en -seisoen, geslag, geboortestatus (enkel / tweeling), ens;
- * Boer-verskafde (of beïnvloede) groepe, bv. weegdatum, kalfouderdom, grootmaakstatus en voedingstatus.

* **Kudde:**

Slegs kalwers wat in dieselfde kudde of plek geteel en geweeg is, kan vergelyk word. Die plek (plaas of toetsentrum) waar 'n groep (kudde of toetsgroep) diere gehou word op 'n spesifieke stadium word die "keeper" genoem. As 'n boer meer as een plaas het waar die diere (binne ras) as onafhanklike, afsonderlike kuddes bestuur word en/of die klimaat, veldtipe, bestuur of kwantiteit en/of kwaliteit van die voeding wesenlik verskil (bv. een plaas in die hoëveld en 'n ander 'n plaas in die laeveld), moet hierdie plase verkieslik hanteer word as twee kuddes of "keepers". Aan die ander kant kan diere van verskillende eenaars wat saam loop en dieselfde bestuur word, as een kudde of "keeper" hanteer word om die kontemporêre groepe te vergroot.

* **Geboortejaar en -seisoen:**

Slegs kalwers gebore in dieselfde jaar en seisoen kan vergelyk word. (Die maksimum toelaatbare variasie in geboortedatums in die Nasionale Vleisbeesaantekening en Verbeteringskema is 100 dae).

* **Geslag:**

Slegs kalwers van dieselfde geslag kan vergelyk word.

* **Geboorte status (enkel/tweeling):**

Slegs kalwers van dieselfde geboortestatus kan vergelyk word. Enkel kalwers word nie vergelyk met tweeling nie. Alhoewel tweeling vergelyk kan word met ander tweeling (wat dieselfde grootmaakstatus, ens. gehad het), is die voorkoms van tweeling so laag dat dit nie regtig prakties is nie.

* **Embrio-oorplasing kalwers:**

Embrio-oorplasing kalwers word nie vergelyk met kalwers wat aan hul eie moeders suip nie.

Die twee goue reëls by die groepering van kalwers is:

- * Hou die groep groot, maar homogeen of eenvormig; en
- * Moet nie groepe onnodig meng of verdeel nie.

Bestuurspraktyke:

- * Die belangrikste bestuurspraktyk is om gebruik te maak van een (of twee, afhangende van die omstandighede) kort teelseisoen in plaas daarvan om die bulle vir baie lang tye of selfs die hele jaar by die koeie te laat loop. Teelseisoen moet maksimum 90 dae lank wees, maar verkieslik korter, bv. 75 of 63 dae. Dit sal verseker dat die kontemporêre groepe, gebaseer op die geboorte datums van kalwers, groot is. In die Nasionale Vleisbeesaantekening en Verbeteringskema kan slegs kalwers gebore binne 'n periode van maksimum 100 dae in dieselfde groep geëvalueer word.
- * Wat geboortegewigte betref, voltooi die Geboortegewig Groepkode veld by die aantekening van geboortes, om te verseker dat kalwers aan die korrekte groep gekoppel word by die beraming van geboortegewig teelwaardes.
- * Maak seker dat alle diere in 'n groep inpas in die ouderdomsgrense vir die betrokke fase. (bv. 151 tot 250 dae ouderdom vir speengewig).
- * Weeg, sover moontlik, alle kalwers in 'n groep op dieselfde dag of, indien dit nie moontlik is nie, in dieselfde week.
- * Maak seker alle diere in 'n groep geweeg word, d.w.s. geen selektiewe prestasietoetsing mag gedoen moet word nie. (Moet byvoorbeeld nie net geboortegewigte aanteken van die groot kalwers of moeilike geboortes nie – sulke gewigte is van geen waarde en kan eintlik baie misleidend

wees).

- * Maak seker dat alle diere in 'n groep dieselfde voeding en bestuur gehad het vanaf geboorte.
- * Diere wat vir 12- en 18 maande geweeg word moet, sover moontlik, in dieselfde groep gegroepeer word as vir speengewig (behalwe as sommige diere se bestuur en/of voeding verskil of hulle is aangekoop, in welke geval die diere apart gegroepeer moet word). Daar is twee redes hiervoor:
 - o Eerstens neem dit sydigheid as gevolg van uitskot of seleksie by speen in ag;
 - o In die tweede plek neem dit sydigheid as gevolg van bestuur en voeding by speen in ag.
- * Alle kalwers wat konsentraatvoeding ontvang het voorspeen, moet in 'n aparte voedingstatus groep ingedeel word, selfs vir naspeense gewigte.
- * Bulle wat naspeen getoets is op konsentraat voeding moet nie vir 12- en/of 18 maande gewigte saam met bulle gegroepeer word wat op die veld geloop het nie.
- * Kalwers van eerstekalf-koeie moet nie vir evaluasie in aparte bestuursgroepe ingedeel word van ouer koeie nie, tensy hulle voorkeurvoeding of -bestuur ontvang het, in welke geval dit as sodanig aangedui moet word.
- * Weeg alle kalwers by speen en moet, sover moontlik, nie kalwers van verskillende speengroepe meng vir naspeense gewigte nie.
- * Roteer groepe tussen kampe om die kamp-effek op 'n spesifieke groep tot die minimum te beperk. Indien dit onmoontlik is en die kwaliteit en/of kwantiteit van die weiding tussen verskillende kampe verskil betekenisvol, ken dan verskillende voedingstatus kodes toe aan daardie groepe.
- * Ken die toepaslike grootmaakstatus kodes toe aan alle kalwers, bv. kalwers wat deur 'n pleegmoeder of hans grootgemaak is.
- * Ken die toepaslike opmerkings kodes toe aan alle "abnormale" kalwers, bv. siek of beseerde kalwers.
- * Deelname aan kompeterende skou van beeste word ontmoedig, omdat sulke beeste voorkeur voeding en bestuur ontvang en dus in afsonderlike groepe geëvalueer moet word. Dit geld nie net vir jong diere nie, maar ook vir kalwers wie se moeders geskou word.
- * As kastrasie gedoen word, probeer om dit uit te stel totdat die speengewigte aangeteken is.

Genetiese skakels maak dit naamlik moontlik om deur middel van BLUP tegnologie die genetiese meriete van diere van verskillende kuddes, jare, seisoene en bestuursgroepe te vas te stel ("benchmark"). Vaders lewer by verre die grootste bydra om genetiese skakels tussen groepe te bewerkstellig. 'n Koppelaar ("link sire") kan gedefinieer word as 'n vader wat prestasiegetoets nageslag het in ander kuddes, jare, seisoene en/of bestuursgroepe. Byvoorbeeld, indien alle kalwers in Groep 1 van Vaar A afkomstig is en alle kalwers in Groep 2 van Vaar B is (en die koeie van Groep A onverwant is aan die koeie in Groep B), is die vasstelling ("benchmarking") van die genetiese meriete van hierdie twee groepe nie moontlik nie. Genetiese koppelingen bepaal die aantal "effektiewe nageslag" van 'n vader in 'n kontemporêre groep.

Bestuurspraktyke om optimale genetiese skakels te verseker sluit die volgende in:

- * Maak gebruik van KI bulle wat wyd gebruik word. Dit is verreweg die maklikste en mees effektiewe wyse om genetiese skakels te bewerkstellig.
- * Maak gebruik van 'n stelsel om bulle uit te ruil tussen verskillende kuddes, veral indien jy nie KI doen nie.
- * Gebruik meer as een bul per seisoen in jou kudde, insluitende ten minste een (verkieslik twee of meer) KI bul.
- * Sorg dat daar kalwers van soveel as moontlik (ten minste twee) vaders in elke bestuursgroep is. Waar al die kalwers in 'n spesifieke kontemporêre groep die nageslag van een vader is, is hierdie nageslag se inligting van geen waarde in die berekening van hierdie vader se teelwaardes nie. Die rede hiervoor is dat die aantal effektiewe nageslag vir daardie spesifieke vader nul is, wat impliseer dat die genetiese (vader) effek effektief geskei kan word van die omgewings (kontemporêre groep) effek nie.

Dit is in sommige kuddes 'n algemene praktyk om 'n spesifieke bul net met verse te paar. As alle kalwers van so 'n vader in 'n aparte kontemporêre groep geëvalueer is, is die aantal effektiewe nageslag van hierdie vader nul.

- * Poog om 'n mengsel van KI- en eie bulle se kalwers in elke bestuursgroep te hê.
- * Moet nie al die teelbulle in dieselfde jaar vervang nie. Indien dit gedoen móét word, probeer dan minstens om van die vorige jaar se KI bulle weer te gebruik.
- * Koop bulle (en vroulike diere) van prestasiegetoetste kuddes.
- * Voeg na afloop van die teelseisoen alle koeie saam in een groot bestuursgroep. Indien dit nie moontlik is nie,

hergroepeer die koeie op so 'n wyse dat daar koeie van ten minste twee (verkieslik meer) teelgroepe in elke nuwe groep verteenwoordig is.

- * Vermy dit om jaar na jaar dieselfde groep koeie met dieselfde bul te paar, d.w.s. hergroepeer die dekgroepe elke jaar. Die beste tyd hiervoor is by speen van hul kalwers om te verseker dat dat hulle bekend is met hul nuwe groep voordat hulle begin kalf.
- * Maak seker dat die uitgebreide stambome van ingevoerde bulle/semen opgeneem word in die geïntegreerde databasis (Intergis).

Groot maak- en Voeding Status Kodes beskikbaar op INTERGIS om diere korrek in behandelingsgroepe in te deel.

Grootmaak Status Kode	Voeding Status Kode
1 = Soog eie moer	1 = Ca/P lek
2 = Soog pleeg moer	2 = Protein/Energy lek
3 = 2/tweeling soog moer	3 = Geen lek
4 = 1/tweeling soog moer	4 = Konsentraat
5 = Moer word ook gemelk	5 = Ander lek
6 = Kalf hand groot gemaak	6 = Aangeplante weiding
7 = Embrio soog ontvanger moer	7 = Oes reste8 = Groen voer

Vir meer inligting kan die LNR gekontak word; Frans Jordaan by 012 672 9085, Fransj@arc.agric.za of die Nasionale Vleisbeeskema (Dr Ben Greyling) by 012 672 9052, ben@arc.agric.za.



LANGSLOOT
DEXTERS

Jaco de Vos | 072 014 9854
Kinross, Mpumalanga
jacodevos2@gmail.com



Versig Dexters

Ons kudde is gebou om produktiewe koei families wat vrugbaar is en lank hou. Doranco Enja (CF 1015) was ons eerste aankoop en sy is ook die matriarg van 'n familie van 11 vroulike diere wat die hart van ons kudde vorm.



CF 1015



SWA 1502 dogter



SWA 1601 Dogter



DTWR 1808 Dogter



**DTWR 1701 Dogter van 1502.
Het verskalf van Tobie**



**DTWR 1917 Dogter van 1502.
Het verskalf van Versig Sarel**



DTWR 2017. Manfred dogter uit 1601



**DTWR 2005 Fred dogter uit 1701.
Het verskalf van Tobie**

Ons volgende aankoop was 5 ou koeie uit die Piccolo kudde. Piccolo Nalu Petra (JJN 08027) is reeds 14 jr oud. Haar seun, Versig Sarel (n Snap seun), is ons kudde bul. Sy is swaar dragtig van Fred.

Fotos van haar en seun



JJN 08027



DTWR 19 35 Versig Sarel.

Ons het ook ou koeie gekoop uit die boedel van Jan Meintjies. JM 1010 was LNR Elite koeie van die jaar 2020 en het sopas haar 11de kalf, n Manfred seun, met n kalf interval van onder 365 dae.



JM 1010



JM 1040 Haar 9de kalf is onlangs gebore. Sy met haar Manfred seun.



DTWR 2008 Fred dogter van JM 1040



JM 1029 Dragtig met 10de kalf van Versig De la Rey (DTWR 2015)



DTWR 1927 Dogter van JM 1029

Ons het nog diere uit die Piccolo en ORB kuddes aangekoop en het tans 75 geregisteerde en basis koeie in die kudde.

Ons maak hoofsaaklik gebruik van KI en gebruik semen van top bulle soos Doranco Manfred, Doranco Monaco, Doranco Makman, Doranco Ewen, Doranco Elroy, Amadeus Fred, Amadeus Snap, Zandu Tobie, Zandu Yster en Corbu De la Rey.

BIOSEKURITEITSPAN VIR ELKE VEEPLAAS

Dr Danie Odendaal – Konsulerende veearts.
Beplande Kuddegesondheid en Produksiebestuur.

Die term 'biosekuriteit' is so 'n groot woord dat meeste veeboere dink hulle kan dit nie in werking stel nie, maar inderwaarheid moet dit net afgebreek word in hanteerbare aksies en dan kan dit stapsgewys in werking gestel word.

Die definisie van biosekuriteit bevat basies 3 onderafdelings:

1. Voorkom dat siekteveroorakende organismes wat nie op jou plaas is nie, op jou plaas inkom.
2. Indien siekteveroorakende organismes wel inkom of reeds teenwoordig is, moet die verspreiding daarvan in jou kudde gestop of beperk word.
3. Indien daar siekteveroorakende organismes in jou kudde gevestig is, moet voorkom word dat dit oorgedra word na ander vee produsente.



Die basiese benadering tot biosekuriteit wat 'n onderafdeling is van kuddegesondheid- en produksiebestuur.

Daar is basies net 2 hoof benaderings wat eensydig of in kombinasie gevolg kan word om siekteveroorakende organismes te beheer:

1. Verminder of vermy blootstelling van die diere aan die siekteveroorakende organismes.
 - * Dit berus dus op die eienaar/bestuurder van die dier se bestuur om blootstelling te verminder of te voorkom.
2. Verhoog die algemene en/of spesifieke weerstand van die dier self, teen die siekteveroorakende organismes.
 - * Dit berus dus op die diere sy eie immunitet en vermoë om blootstelling aan siekteveroorakende organismes te oorkom sonder produksie verliese of om siek te word.

Elke individuele siekte verskil

In 'n beheerde/geïsoleerde omgewing soos 'n moderne hoender of vark plaas is daar totale beheer omtrent blootstelling van diere en daar kan 'n bio-sekuriteitsplan ingestel en gevolg word wat blootstelling aan omtrent alle siekteveroorakende organismes kan verhoed.

Op ekstensiewe plase wat oor honderde hektare strek is dit nie moontlik om alle blootstelling te voorkom nie, en die bio-sekuriteitsplan vir 'n ekstensiewe veeplaas moet dus sekere algemene en ander baie spesifieke siektes identifiseer as teiken vir voorkoming. Dus moet alle moontlike siektes in ag geneem word maar dan moet prioriteit siektes geïdentifiseer word waarvoor daar 'n baie spesifiek voorkomingsplan ontwikkel moet word.

Elke siekte verskil ten opsigte van die spesifieke organisme of faktor wat dit veroorsaak, hoe dit van een dier of die omgewing na die ander diere oorgedra word, en dan is daar ook 'n reuse verskil in die siekte ontwikkelingsproses op of binne die dier en die uitkoms van

die siekte draertoestand teenoor siektes wat totaal genees sonder dat die dier 'n draer bly.

Daar moet dus kennis gedra word van elke individuele siekte of siektetoestand en wat die moontlike verliese is wat gelei kan word soos persentasie diere wat aangetas kan word, persentasie diere wat kan vrek en produksieverliese soos aborsies en gewigsverlies.

1. Eerstens moet daar gefokus word om die voorkoming van siektes deur inenting wat gereeld kan voorkom:
 - a. Dodelike bakteriële siektes soos lamsiekte, sponssiekte en dan ook miltsiekte.
 - b. Siektes wat deur vlieënde insekte oorgedra word soos knopvelsiekte, 3-dae-stywesiekte en Slenkdalkoors.
 - c. Siektes wat reproduksie verliese en aborsies veroorsaak soos bees brucellose, bees virus diaree, infeksieuse bees rinotragietis.
 - d. Bosluis oordraagbare siektes waarvan die voorkoming baie meer ingewikkeld is en in sekere gevalle voorkom word deur inenting, natuurlike blootstelling en bosluis beheer.
 - e. Komplekse siektetoestande waar beide benaderings (verminder blootstelling en verhoog weerstand) gevolg moet word in kombinasie om die siektes te voorkom soos longontsteking en maagwerkings onder jong diere.
 - f. Ander siektes wat net in beperkte gebiede voorkom soos hondsdolheid.

Bogenoemde word bestuur deur die jaarlikse inentings plan wat in samewerking van die kudde veearts opgestel moet word.

2. Tweedens moet die langtermyn draers van siektes soos bees brucellose (koeie) en geslagsiektes (bulle) geïdentifiseer word deur die veearts wat die diere toets en diere wat positief is word uitgeslag. Hierdie is die groot uitdaging met die inwerkingstelling van 'n bio-sekuriteitsplan wat meeste boere nie in werking stel nie.
3. Laastens moet daar 'n protokol wees waaraan alle diere moet voldoen wat na die plaas kom en die plaas verlaat. Die protokol word ook in samewerking met die kudde veearts opgestel.



EMBRIO PROTOKOL

Prosedures by embrio oorplasing:

1. Beide die manlike sowel as die vroulike diere moet deur die Raad goedgekeur word vir ET.
2. Beide die manlike en vroulike diere betrokke se DNA nommers moet verskaf word.
3. Veeartseny sertifikaat dat die bepaling van die Veeverbeterings wet nagekom is.
4. By die aanteken van die geboortes moet aangedui word dat dit n embrio kalf is.
5. Ouerskap moet bevestig word deur middel van DNA toetse.

Procedure for embrio transfers:

1. Both male and female animals must be approved by the Board for ET.
2. Both male and female animals must have DNA numbers.
3. A veterinary certificate confirming that the provisions of the ACT have been complied with.
4. At birth notification it must be specified that the calf is born from ET.
5. Parentage must be confirmed by DNA.



Lundi
Dexter stoet



Besoekers attyd welkom!

Kobus van der Linde – 082 783 9605 • lundi@lantic.net

Jaco van der Linde – 076 064 7031 • lundi.jaco@gmail.com

VEEARTSENY PROTOKOL TYDENS SEMEN KOLLEKSIE

Vir eie gebruik die volgende toetse:

- * Brucellosis
- * Ensoötiese Bees Leukose
- * Tuberkulose A & B
- * 1 x Skede was + PCR
- * Johnes Disease
- * Bees Herpes Virus
- * Bloutong
- * BVD
- * Leptospirosis

Vir KI bulle al bogenoemde behalwe dat daar 3 x Skede wasse + PCR gedoen moet word

Vir KI bulle moet daar n veearts verslag na die Raad gestuur word wat bevestig dat die semen van goeie kwaliteit is sowel as die uitslae van bogenoemde toetse.



OCKIE EN RIANA BARNARD

Ockie: 082 802 8203

Riana: 084 693 4200

Faks: 086 653 1803 | E-pos: ockie@redt.co.za

TELER VAN ROOI EN SWART DEXTERS

BESRAS VAN DIE TOEKOMS

KAN DAAR KOMMERSIEËL MET DEXTERS GEBOER WORD?

Die antwoord lê in “Dexter-Wiskunde”

Deur Tian Botha

‘n Vraag wat al dikwels in die verlede aan Dexter Telers gevra is, en wat waarskynlik net so dikwels in die toekoms gevra gaan word.

Die teenvraag is, kan enige iemand wat nog nie die “Dexter-Wiskunde” gedoen het, die ras net op grond van sy klein-raam illimineer? Of lukraak beweer dat die Dexter nie ‘n ekonomiese impak op ‘n kommersiële plaas kan maak nie?

Die waarheid is dat enige iemand wat al “Dexter-Wiskunde” gedoen het, vandag tien-teen-een reeds met Dexters boer!

Hoe werk die “Dexter-Wiskunde”?

Die gegewe is dat ‘n produserende koei van enige ras ‘n minimum drakrag (weiding) van 3% van haar liggaamsmassa benodig. Die gemiddelde Dexter koei weeg 350 kg en die gemiddelde medium raam koei van enige ander ras 525 kg. Die antwoord is dat drie Dexter koeie dieselfde drakrag impak het as twee medium-raam koeie, dus; - meer diere per eenheid drakrag.

As ons dan na die speenkalf se “Dexter-Wiskunde” kyk, sal drie Dexter speenkalwers gemiddeld 170 kg weeg en die twee medium raam speenkalwers gemiddeld 220 kg. Gevolglik 510 kg Dexter speenkalf gewig, teenoor 440 kg medium-raam speenkalf gewig. Die Dexter produseer dus 16% meer speenkalf gewig op dieselfde drakrag eenheid.

Voeg by hierdie “Dexter-Wiskunde” dat Dexter koeie uitstekende moedereienskappe het, gemaklik kalf en inherent ‘n dubbeldoel ras is wat genoegsame melk produseer. Reken dan verder die voordeel by van risiko verspreiding met meer produksie eenhede per area. Die antwoord van die som behoort enige produsent te oorreed om die Dexter ras sterk te oorweeg!

Die bemerking van die ras as ‘n kommersiële kommoditeit, gaan grootliks verskil van die area waarin daar geboer word. Die onus is op Stoettelers om altyd korrek geteelde, gesonde, egestreerde vroulike diere van kwaliteit aan die kommersiële mark te verskaf.

Die aanvraag na Dexters in gebiede wat beskik oor meer kleinhoewes bly hoog, juis weens die uitstekende moontlikheid daarvan om Dexters op ‘n kleiner area aan te hou.

Dexters se rustige temperament, voldoende melkproduksie vir huishoudelike gebruik en uitstekende vleiskwaliteit, verseker dat die ras die voorkeur keuse van bestaansboere bly.

Maar, hierdie vraag word ook aan Dexter Telers gevra wat in areas ver van kleinhoewes boer, waar die kultuur uitsluitlik konsentreer op kommersiële speenkalf produksie.

Deur navorsing onder huidig aktiewe kommersiële speenkalf produsente te doen wat van Dexter moederlyne gebruik maak, was dit interessant om te merk dat hulle reeds “Dexter-Wiskunde” onder die knie het.

Medium-raam vleisras bulle word suksesvol op ‘n Dexter moederlyn gebruik vir uitsluitlike speenkalf produksie. Die “Dexter-Wiskunde” bereken dat, met meer diere per drakrag eenheid, sal die 350 kg Dexter koei wat met gemak ‘n 210 kg kalf speen, die kommersiële boerdery met ‘n 43% hoër vleisproduksie beloon.

Daar word wel voorgeskryf dat alle speenkalwers terminaal bemark word, en die terughou van kruisras vroulike diere word nie aanbeveel nie omdat die unieke Dexter kleinraam voordele van die moederlyn dan verlore gaan. Die Dexter koei se uitstekende eienskappe, onder andere om ‘n swaarder bul te kan dra gedurende die dek proses, gemak van kalwing, goeie melkproduksie en moedereienskappe, verseker dat die Dexter daartoe in staat is om baie suksesvol in ‘n kommersiële opset ‘n ekonomiese impak te maak. Speenkalwers haal top pryse by voerkrale en veilings. Uitstekende vleiskwaliteit, mits die regte vleisras bulle gebruik word, verseker ‘n afset vir hierdie speenkalwers.

Huidiglik is daar verskeie produsente wat met groot sukses ‘n kleiner kerntrou suiwer Dexters aanhou om hulle kommersiële afdeling met suiwer Dexter vervangingsverse te kan voorsien, en sodoende munt te slaan uit die enorme voordeel van ‘n suiwer Dexter moederlyn in ‘n kommersiële bedryf. ‘n Bewys dat “Dexter-Wiskunde” werk.

Die enigste vraag wat oorbly is, hoekom het jy nie reeds ‘n Dexter op die plaas nie?



SUIDELIKE DEXTER- KLUB



SOUTHERN DEXTER CLUB



Naam:	Kuddenaam:	E-pos:	Sel:	Area:
Rob Lundi	Camissa Farms	rob@comissafarm.com	076 963 5175	Stellenbosch
Charles Crowther	Glen Oakes Dexters	info@glenoakes.co.za	082 956 5196	Caledon
Pieter De Wet	Hanneskraal Dexters	pieter@stptax.co.za	076 760 3883	Hoekwil
Willie Du Plessis	Versig Dexters	willie.dplessis@gmail.com	082 457 1779	Riversdal
Herbert George Fisk	Aldeburgh Farm	fiskfarm@yahoo.com	072 480 7020	Stellenbosch
Adriaan & Sharon Gouws	Kleinplaas Dexters	czgouws@gmail.com	082 787 4023	Port Elizabeth
John & Sue Neumann	Monateng	neumannjg@gmail.com	078 951 7945	Albertina
André & Seun Olivier	Makarios	andreholivier@gmail.com	082 773 0379	Hoekwil
Danie van Wyk	Boomplaas	admin@boomplaas.com	072 482 8397	Riversdal
Bertus van Zyl	Eenvoud Boerdery	eenvoudboerdery@gmail.com	082 788 1232	Napier
Mark Wiseman	Iyana Dexter Stud	info@markwiseman.com	071 879 7390	George
Luc Wouters	Mooibly	luc@mooibly.com	082 494 9496	Paarl
Lukas Schreuder	Simcha Dexters	insight2focus@gmail.com	084 514 3394	Kareedouw
Hendrik Strydom	Amadeus Dexters	amadeusdexters@gmail.com	0732 895 111	Petrusburg

MY 2 YEAR REFLECTION ON BREEDING AND LOOKING AFTER DEXTER CATTLE

By Mark Wiseman

As a new Dexter breeder, what have I learnt over the past 2 years? Some of the lessons have been long and difficult, others have been easy. This is what I have learned over the past 2 years and I would like to thank those that have helped me. For those that are starting out, these tips may be of value to you.

1. I have met really wonderful people in Dexter circles. People that have been of immeasurable help in starting me on the right path. Such nice people who have offered great advice and the enthusiasm for the breed has been exceptional. I always wait in anticipation for another meeting so that I can learn more.
2. Remember you are a farmer. Breed animals for a reason. They are not your pets, although sometimes they can feel that way. You will have a love for your Dexters. "n Bees moet 'n bees wees"
3. It is incredibly important to decide what animal you would like to breed. Having the correct idea as to what you want in an animal is important with regards to conformation. The primary focus of any farming activity is to breed animals that can make money, either by selling the beef or selling the milk and the products thereof. I have decided to add value to my products before they get to market and this will obviously affect my choices. Dexter cattle have the best beef, we all know that and the taste studies prove it, and have a dual purpose with regards to their milk production. A2/A1 is the obvious choice when it comes to breeding and selling milk and milk products.
4. Establish your market. You will need to sell your beef and your milk. Time invested in establishing these markets will be essential to making your business profitable. I produce artisanal Dexter beef that is pasture raised. My aim is to produce the best I can. I also intend to add value to the milk by making artisanal cheeses. The terroir of my region will be different to yours, so your market is critical to your profitability and success.
5. The cows! Conformation is king. Cows need to give birth to calves, so the hip area of my animals is probably the most important aspect for me. Know your conformation.
6. Hips are critical. The inter hook bone width, the inter-pin bone width and the hook-pin bone angulation and length are just so important to calving and ease of calving. I want my cows to give unaided natural birth and these dimensions are critical to ease of calving. The hip width will give the classic wedge shape for the cow. The spine length and angulation can then be easily viewed from behind the cow and this will also have an affect on the tail set.
7. Going hand in hand with the hips is the cows udder. Good udder shape and size has a direct impact on milk production. Calves need milk to grow and flourish so good udders and milk production will have a direct bearing on the growth of your calves and the success in their initial growth.
8. Cows also walk a lot. Leg shape and form starts from the hooves and in the hind leg moves to the hip bone. Acquire the knowledge of good leg conformation in both the hind and fore legs.
9. The back and its length gives one the topline of the animal. A nice straight back with a long topline directly affects your choice beef cuts, so is very important.
10. I want animals with great toplines (length) and good depth and width. Remember, cows should have a wedge shape from the hips going forwards to the head. Bulls on the other hand should have great width and depth over the shoulder area and should subsequently show a reverse wedge shape to that of the cows. Bulls, must look and act like bulls, no matter what the breed.
11. Fertility is exceptionally important. If the cows cannot provide a calf a year, then look for another one. I use AI, so cow fertility is important to up the chance of conception using AI. Look at all those factors that can influence the conception, implantation of the embryo and that may influence the pregnancy of your cows. Limit the risks to allow for a higher chance of AI conception as it can get expensive.
12. Remember, bulls always breed back to their dam. I will never buy a bull or semen without looking at the bulls mother or the progeny of the bull. This is just so important.



13. You will make mistakes, correct them immediately! I bought my cows upon recommendation and images. I have done that once and I will never do that again as the camera and the video can be very deceiving. I will now always view animals in person.
14. Sentimentality has no place in a breeding herd. Being calculated, ruthless and goal orientated when sticking to your goals are essential to developing a successful breeding herd.
15. Get to know your cattle nutrition. As a Dexter farmer you are essentially a grass farmer. The better you are at farming grass, the better you will be as a cattle farmer.
16. Try to develop and obtain good role models. The wheel has been invented already, so use the knowledge of others to give you a head start on your herd and the competition you are bound to get. These people are invaluable to you at the start and always share your knowledge.
17. Showing is the best form of marketing out there to market your progeny.
18. Your animals over time should show a uniformity in breed standard if you are going to be a great breeder. People will judge you on the quality of your animals. Never sell poor animals as they will affect your name, rather eat those animals or sell their beef. It is the best.
19. The temperament of your cattle is just so important. I handle the cows generally on my own and I have to trust their behaviour, especially when dosing and treating them. A great temperament helps no end and facilitates easy management. Bad temperament needs to be removed out of your genetic gene pool ASAP. Record all that you do to your animals. Keep good and detailed records for each animal.
20. The basics of conformation include length of topline, width and depth. The depth of cattle is largely dependant upon stimulation of the rumen at an early age. It is always a good idea to have

dry roughage available for your Dexter's in summer and winter in their pastures. A large bale of low grade, grass will allow your Dexter's to have the choice of feed which will allow them to develop the depth many will admire.

21. Test for genetic traits. It is necessary to test for achondroplasia in South Africa and also for the breed. All my animals are tested for PHA and I will add meat tenderness and eye size genetic tests as they become available. Buy a scale as soon as you can. It will allow you to measure the weights of animals. Growth tests will become more important over time in my herd, even on pasture raised Dexters as feed conversion to protein will vary from animal to animal.
22. Always remain humble. I am a Christian and God has entrusted me to the care of the animals I have. Treat them with respect and look after them well and they will look after you in the long run. That I am sure! I am striving to follow best practice whatever I do to my Dexters, whether it be AI, nutrition, management techniques and pasture management.
23. I have attended many Dexter courses and visited many breeders. As a senior breed inspector my knowledge base is constantly growing and my eye is improving. Always share your knowledge, people will always appreciate your help. I am still on a long learning path and know that I will always learn from others. If I can help anyone, please ask, and I will see what I can do. I hope the above can help someone to not make the mistakes I have made at the start of my Dexter breeding career. I will add to this list as I gain more experience, but this is what I have learned so far.

Thank you for reading this far and a big thank you to all that have helped me so far on my journey, for that is what it is.

Best wishes, Mark.




Adelt *Dexters*

Verbind tot etiese rasverbetering

Committed to ethical breed improvement

Gebruik teelwaardes in teelstrategie

Use breeding values in breeding strategy



PHILIP HOLLIDAY - 082 339 9445

IN LOVING MEMORY
OF OUR ELDEST SON

Brandon

19/04/78 - 15/06/22

P. Summerford • 031 764 6728 • 083 325 5905 • paul@sondela.co.za
Edurisk • Kwazulu Natal • Underberg

VOORBEREIDING VAN DIERE VIR SKOU

Om diere voor te berei vir 'n skou kan 'n bevredigende en leersame proses wees.

Groot en klein leer van sportmanskap, wen en verloor, organisasie, dissipline en respek vir mens en dier.

VOORBEREIDING

Almal trek weg met 'n dier wat gewoon is aan vry beweeg. Skielik word daar beheer oor hom / haar uitgeoefen en hier begin dit...

Haltermak

Verseker dat jy 'n area het waar jy gemaklik met die dier(e) kan werk.

Jou area moet geskik wees om jou diere te vang en vas te maak indien nodig.

Begin 'n rotine

Geduld, oefening, tyd en nogal baie daarvan, wen die dier se vertroue en respek. Jy bou 'n verhoeding met die dier. Moenie slaan nie.

Bou vertroue deur gereelde interaksie - praat en vat aan die dier.

Hierby sluit aan die voer van die diere om hulle skougereed te kry. Dit bied die geleentheid vir interaksie.

As al bogenoemde in plek is, plaas die halter oor die dier se kop.

Onthou, niks kan gebeur voor die dier nie haltermak is nie.

TEACHING TO LEAD

Always stand on the left side of your animal. Use gentle pressure to get the animal to respond by pulling on the halter.

Do not yank on the halter. Do not expect your animal to go a long way on the first try.

If the animal starts to jump around, give some slack, but **DO NOT** release the lead rope.

Remember - patience, practice, time.

LOTS OF IT.

AFRONDING VAN SKOUDIERS

Sodra die skoudiere geselekteer is uit die kudde, begin hulle apart voer. Maak seker elkeen vreet voldoende van rantsoen.

Daar is twee opsies:

1. Diere gaan nogsteeds veld toe, maar kry voor hulle uitgaan en nadat hulle terugkeer van die rantsoen.
 2. Die diere staan op kraal en rantsoen word ad-lib (soos nodig) gevoer.
- * Earn the animal's trust. It is important for a workable partnership between you and your animal.
 - * Have a consistent feeding routine: Every day, same time, same place.
 - * If they are fed in a group, make sure the feed intake of every animal is adequate.

- * Clean water needs to be available.
- * Sleeping area must be clean and dry.

Have plan as to when to start your feeding program.

HAIR CLIPPING

Some breeders prefer clipping, others don't. There might be show rules about this for different shows, if so, the host of the show must communicate it to the breeders.

Once again, a tame animal. Cattle of all ages can be clipped.

- * You have to start with a clean animal. If needed, wash the animal and allow proper drying time or use a blower, etc.
- * Know the cycle of hair growth, so that you don't clip too early before the show or need to trim again.
- * Clippers must be clean, sharp and well oiled. Make sure electric cords won't get tangled. Have enough oil at hand for regular lubrication.
- * The area of clipping must be well ventilated and well lit.
- * Make sure your animal can not move around. A chute or neck clamp may work.

Clipping is all about presenting your animal to the best of its ability.

Hulle is mak, geleer, gevoer en nog steeds berei ons voor om te skou.

Is alles daar om te skou?

- * Genoeg voer vir die duur van die skou.
- * Diere geskeer.
- * Beeswa padwaardig.
- * Biosekuriteitsdokumente in plek.
- * Werkers in plek.

Elke persoon se behoeftes verskil rondom wat nodig is vir hulle om gemaklik te skou. Maak seker alles is daar vir jou.

Diere word skou toe geneem waar hulle 24 uur versorging vereis. Hulle is gebonde tot hulle staanplek. Maak dus seker hulle kry genoeg kos. Neem hulle gereeld om water te gaan drink.

Die dag voor die diere geskou word, maak seker hulle is skoon.

SHOW TIME!!

For the last time before entering the ring, make sure the animal is clean. No hay or manure clinging to the hair. Brush them.

Make sure the handler is also neat and dressed in the proper attire.

After the show, everything must go home again. Make sure you leave with all your equipment that you brought to the show.

Go home, relive the memories and start thinking about the next show.

Jurg & Torrie - TJ Dexters

SKOU Uitslae 2019

Hertzogville

KOEI DROOG (10 JR +)

KOEI IN MELK (7-10 JR)

KOEI IN MELK (5-7 JR)

KOEI DROOG (3 - 5 JR)

SENIOR UIER KOMPETISIE

SNR KAMPIOEN VROULIK

RES SENIOR KAMPIOEN VROULIK

KOEI IN MELK (30 - 36 MDE)

VERS IN MELK (24 - 30 MDE)

JUNIOR UIER KOMPETISIE

JNR KAMPIOEN VROULIK

RES JUNIOR KAMPIOEN VROULIK

VERS (12-18 MDE)

VERS (6-12 MDE)

KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

RES KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

GROOT KAMPIOEN VROULIK

RES VROULIKE KAMPIOEN

BULLE (7 - 10 JR)

BULLE (5 - 7 JR)

BULLE (3 - 5 JR)

SNR KAMPIOEN MANLIK

RES KAMPIOEN MANLIK

GROOT KAMPIOEN MANLIK

RES KAMPIOEN MANLIK

BESTE PAAR BUL/KOEI/VERS (ENIGE OUDERDOM)

2 AFSTAMMELINGE VAN 1 KOEI

BESTE VERTONING VAN 2 MANLIKE DIERE

BESTE VERTONING VAN 3 BEESTE (BEIDE GESLAGTE)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ONYX (WILMA DU PREEZ)



KOEI DROOG (10 JR +)

KOEI IN MELK (5 - 7 JR)

KOEI DROOG (5 - 7 JR)

KOEI IN MELK (3 - 5 JR)

SENIOR UIER KOMPETISIE

SNR KAMPIOEN VROULIK

RES SENIOR KAMPIOEN VROULIK

KOEI IN MELK (18 - 27 MDE)

VERS DROOG (18 - 27 MDE)

JUNIOR UIER KOMPETISIE

JNR KAMPIOEN VROULIK

RES JUNIOR KAMPIOEN VROULIK

VERS (6-12 MDE)

KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

RES KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

GROOT KAMPIOEN VROULIK

RES VROULIKE KAMPIOEN

BULLE (10+)

BULLE (5 - 7 JR)

SNR KAMPIOEN MANLIK

RES KAMPIOEN MANLIK

BULLE (27 -36 MDE)

JUNIOR KAMPIOEN MANLIK

BULLE (6 - 12 MDE)

KLEUTER KAMPIOEN MANLIK

GROOT KAMPIOEN MANLIK

RES KAMPIOEN MANLIK

BESTE PAAR BUL/KOEI/VERS (ENIGE OUDERDOM)

2 AFSTAMMELINGE VAN 1 BUL

2 AFSTAMMELINGE VAN 1 KOEI

BESTE VERTONING VAN 2 MANLIKE DIERE

BESTE VERTONING VAN 2 VROULIKE DIERE

BESTE VERTONING VAN 3 BEESTE (BEIDE GESLAGTE)

BESTE PAAR VAN TOEKOMS

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

HENDRIK POTGIETER SKOOL

HENDRIK POTGIETER SKOOL

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

HENDRIK POTGIETER SKOOL

ONYX (WILMA DU PREEZ)

HENDRIK POTGIETER SKOOL

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

HENDRIK POTGIETER SKOOL

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ORB (OP BARNARD)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

ORB (OP BARNARD)

2020 Hertzogville



Senior Kampioen Vroulik - ORB Mandie (Ockie Barnard)



Senior Kampioen Manlik - Onyx Harry 2 (Hendrik Potgieter Skool)



Junior Kampioen Vroulik - ORB Heather (Ockie Barnard)



Junior en Groot Kampioen Manlik - ORB Mauser (Ockie Barnard)



Kleuter Kampioen Vroulik - Hester (Hendrik Potgieter Skool)



Kleuter Kampioen Manlik - ORB Monza (Ockie Barnard)

KOEI DROOG (10 JR +)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

KOEI DROOG (7 - 10 JR)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

KOEI DROOG (5 - 7 JR)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

KOEI IN MELK (3 - 5 JR)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

KOEI DROOG (3 - 5 JR)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

SENIOR UIER KOMPETISIE

ONYX (WILMA DU PREEZ)

SNR KAMPIOEN VROULIK

ONYX (WILMA DU PREEZ)

RES SENIOR KAMPIOEN VROULIK

ONYX (WILMA DU PREEZ)

KOEI IN MELK (27 - 36 MDE)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

JNR KAMPIOEN VROULIK

ONYX (WILMA DU PREEZ)

VERS (12-18 MDE)

AMADEUS (HJ STRYDOM)

VERS (6 - 12 MDE)

ONYX (WILMA DU PREEZ)

KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

AMADEUS (HJ STRYDOM)

RES KLEUTER KAMPIOEN VROULIK

ONYX (WILMA DU PREEZ)

GROOT KAMPIOEN VROULIK

ONYX (WILMA DU PREEZ)

RES VROULIKE KAMPIOEN

AMADEUS (HJ STRYDOM)

BULLE (3 - 5 JR)

